# Die Evangelie van Jesus Christus





# WAT IS DIE EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS?

Die Evangelie van Jesus Christus is ons Hemelse Vader se plan vir geluk en verlossing* van Sy kinders. Dit word die evangelie van Jesus Christus genoem omdat die Versoening van Jesus Christus sentraal tot hierdie plan is. Volgens hierdie plan, het ons Hemelse Vader Sy Seun, Jesus Christus, in die wêreld ingestuur om ons te wys hoe om betekenisvolle en gelukkige lewens te leef en om ewigdurende vreugde in die hiernamaals te geniet. Deur die genade en barmhartigheid van Jesus Christus, kan jy van jou sondes gereinig word en 'n skoon gewete geniet. Jy kan waardig word om in die teenwoordigheid van Hemelse Vader te lewe in die hiernamaals.

Om hierdie vrede en krag te ontvang, moet jy die beginsels en die verordininge van die evangelie leer en volg. 'n Beginsel is 'n waarheid wat in daaglikse lewe toegepas kan word; 'n verordining is 'n heilige, formele daad wat deur die magtiging van die priesterskap verrig word en is dikwels 'n middel wat lei tot die sluiting van 'n verbond met ons Hemelse Vader. Die eerste beginsels van die evangelie is geloof in Jesus Christus en bekering. Die eerste verordininge van die evangelie is die doop en die ontvangs van die Heilige Gees.

*Jy kan die evangelie van Jesus Christus lewe deur:*

- *Geloof in Jesus Christus te ontwikkel.*
- *Te bekeer.*
- *Om gedoop te word en die Heilige Gees te ontvang.*
- *Te volhard tot die einde toe.*

Nadat jy die eerste beginsels en verordininge van die evangelie geleer het en dit volg, strewe jy om Christus se voorbeeld vir die res van jou lewe na te volg. Hierdie aanhoudende getrouheid word "volharding tot die einde toe" genoem.

*Die woorde in rooi word omskryf op bladsye 18 en 19.

***Die leeringe en Versoening van Jesus Christus is sentraal tot Sy evangelie.***

## GELOOF IN JESUS CHRISTUS

Geloof is 'n sterk oortuiging wat 'n persoon motiveer om iets te doen. Geloof wat tot vergifnis van sondes lei is geanker in Jesus Christus, wie se Versoening vergifnis moontlik maak. Geloof in Jesus Christus is meer as net 'n passiewe oortuiging aangaande Hom. Dit beteken om te glo dat Hy die Seun van God is en dat Hy vir jou sondes, droefenis en swakheid gely het. Dit beteken om tot dade oor te gaan. Geloof in Jesus Christus lei jou om Hom lief te hê, Hom te vertrou, en Sy gebooie te onderhou.

> *"Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. "Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak."*
>
> **Spreuke van Salomo 3:5–6**

## BEKERING

Geloof in Jesus Christus wel in jou 'n begeerte op om jou lewe te verander en te verbeter. Soos wat jy die evangelie bestudeer, besef jy dat jy gesondig het, of dat jy teen die wil en leerstellinge van God opgetree het. Deur bekering verander jy daardie denke, begeertes, gewoontes, en aksies wat nie in harmonie met God se leerstellings is nie. Hy belowe dat Hy jou sondes sal vergewe, indien jy bekeer. Wanneer jy bekeer:


**Herken** jy dat jy gesondig het en voel jy opregte berou vir wat jy gedoen het.

**Hou jy op** om die dinge te doen wat verkeerd is, en strewe om dit nooit weer te doen nie.

**Belei jy** jou sondes voor die Here en vra om vergifnis. Deur dit te doen verlig dit 'n swaar las. Indien jy teenoor 'n ander persoon gesondig het, moet jy daardie persoon ook om vergifnis vra.

***Geloof in Jesus Christus is die eerste beginsel van die evangelie.***





**Maak jy vergoeding.** Doen alles in jou vermoë om die probleme wat jou dade mag veroorsaak het, reg te stel.

**Onderhou jy die gebooie.** Die mag van die evangelie word in jou lewe ingebring deur God se gebooie te onderhou. Die evangelie sal jou krag gee om jou sondes te begewe. Om die gebooie te onderhou sluit in om diens te lewer, ander te vergewe, en om Kerk dienste by te woon.

**Erken jy die Verlosser.** Die belangrikste deel van bekering is om te besef dat vergifnis as gevolg van Jesus Christus kom. Jy mag somtyds voel dat God nie ernstige sondes sal vergewe nie. Maar die Verlosser het vir ons sondes gely sodat hulle tersyde geplaas kan word, tót die ernstiges. Die resultaat van ware bekering is vergifnis, vrede, vertroosting, en geluk.

*Ons maak almal foute. Partykeer maak ons onself en andere ernstig seer op maniere wat ons nie self kan regmaak nie. Ons breek goed wat ons nie op ons eie kan heel maak nie. Dit is dan dat ons gevoelens van skuld, vernedering, en leiding voel wat ons nie op ons eie kan genees nie. Die genesings krag van die Versoening kan alles regstel wat ons nie kan heel maak nie.*

Om te bekeer beteken nie altyd om groot veranderinge te maak nie. Dikwels verg dit net 'n toename in toewyding om volgens God se wil te lewe. Ware bekering gebeur nie altyd vinnig nie; wees geduldig met jouself soos wat jy strewe om te doen wat reg is en foute wat jy gemaak het, reg te maak. Soos wat jy bekeer, sal jy 'n verandering van jou hart ondervind. Jy sal nie meer begeer om te sondig nie. Jy kan tot 'n wete kom dat jy 'n kind van God is en dat dit nie nodig is om die selfde foute oor en oor te maak nie. Jou begeerte om God te volg sal dieper en sterker word.

***Jesus offer vrede aan almal wat bekeer.***

## DIE DOOP EN DIE HEILIGE GEES

Geloof in Jesus Christus en bekering berei ons voor vir die doop en om die Heilige Gees te ontvang. Jesus Christus het onderrig dat almal gedoop moet word met water en met die Gees (die Heilige Gees) vir die kwytskelding, of vergifnis, van sondes. Om gedoop te word deur iemand wat die priesterskap magtiging het en deur die Heilige Gees te ontvang, sal jy geestelik wedergebore wees.

### Hoekom Is Dit Nodig Dat Ek Gedoop Moet Word?

Jesus Christus het vir ons 'n voorbeeld gestel toe Hy gedoop is "om alle geregtigheid te vervul" (Matthéüs 3:15). Wanneer jy gedoop word ontvang jy 'n vergifnis van al jou sondes (sien Handelinge 2:38). Jy sluit 'n verbond, of maak 'n belofte, met God: jy belowe om Jesus Christus as jou Verlosser te aanvaar, om Hom te volg, en om Sy gebooie te onderhou. Indien jy jou deel nakom, belowe jou Hemelse Vader om jou sondes te vergewe. Wanneer jy deur die korrekte magtiging gedoop word, word al jou sondes weg gewas.

> *"Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."*
>
> **Johannes 3:5**

Gedurende die doop sal jy kortliks onder die water gedompel word. Dit is hoe Jesus Christus gedoop was. Die doop deur onderdompeling is 'n heilige simbool van die dood, begrafnis en Opstanding van Jesus Christus; dit simboliseer die einde van jou ou lewe en die begin van 'n nuwe lewe as 'n volgeling van Jesus Christus.

### Hoekom Moet Ek Die Heilige Gees Ontvang?

Terwyl die doop ons sondes weg was, maak die Heilige Gees jou heilig, of reinig Hy jou. Indien jy getrou bly aan jou doopsverbonde, kan jy die Heilige Gees ten alle tye saam met

***Jesus Christus was deur Johannes die Doper gedoop.***



jou hê. Alle goeie mense kan die invloed van die Heilige Gees aanvoel, maar net diegene wat gedoop word en die Heilige Gees ontvang het, het die reg om Hom as konstante metgesel te hê reg deur hul lewe.

Die Heilige Gees help jou om die waarheid te erken en te verstaan. Hy verskaf geestelike krag en inspirasie. Hy troos jou tydens moeilike tye en lei jou wanneer jy besluite neem. Jy kan God se liefde en invloed in jou daaglikse lewe voel deur die Heilige Gees.

*Jy kan deur dieHeilige Gees onderrig en gelei word. "[M]aar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."*

**Johannes 14:26**

Jou bekwaamheid om hierdie goddelikke gawe te geniet hang daarvan af hoe jy God se gebooie onderhou. Die Heilige Gees kan nie saam met diegene vertoef wat nie volgens die leerstellinge van God lewe nie. Hulle verloor die voorreg om Sy leiding en inspirasie te ontvang. Strewe altyd om waardig te wees aan die metgeselskap en leiding van die Heilige Gees.

Jy ontvang die Heilige Gees nadat jy gedoop word. Tydens die verordening genaamd bevestiging, lê een of meer gemagtigde priesterskap houers hul hande op jou hoof. Hulle bevestig jou as 'n lid van die Kerk en seën jou om die Heilige Gees te ontvang. Hierdie verordening neem gewoonlik in 'n nagmaal diens plaas kort nadat jy gedoop word. Wanneer jy gedoop en bevestig word, word jy 'n lid van die Kerk van Jesus Christus van Die Heiliges van Die Laaste Dae.

* Die woorde in rooi word omskryf op bladsye 18 en 19.

***Die Heilige Gees word deur die oplegging van hande gegee.***





## Die Nagmaal

> *Die nagmaal help jou om die lewe, bediening, en Versoening van Jesus Christus met dankbaarheid in jou lewe te onthou.*

Nadat jy gedoop is, kan jy elke week jou doopsverbonde hernu deur die nagmaal te geniet. Gedurende die nagmaal diens, word brood en water geseën en aan die gemeente aangegee om as 'n herhinnering te dien aan die Versoening van Jesus Christus. Die brood verteenwoordig Sy liggaam, en die water verteenwoordig Sy bloed. Soos wat jy jou doopsverbonde hernu, word jy belowe dat jy die Gees, of die Heilige Gees, altyd saam met jou sal hê.

*Die woorde in rooi word omskryf op bladsye 18 en 19.

***Die nagmaal help ons om Jesus Christus te onthou.***

## VOLHARDING TOT DIE EINDE TOE

Jy word 'n lid van die Kerk van Jesus Christus van Die Heiliges van Die Laaste Dae deur geloof in Jesus Christus, bekering, en die verordeninge van die doop en bevestiging. Nadat jy 'n lid van die Kerk geword het, sal jy aanhou om te groei in jou begrip. Jy sal aanhou om geloof in Jesus Christus te beoefen, te bekeer, en om jou doopsverbonde te hernu deur die nagmaal te neem, en die leiding van die Heilige Gees te volg. Hierdie eerste beginsels en verordininge van die evangelie is 'n model wat jy dwarsdeur jou lewe kan volg. Hierdie lewenslange toewyding word dikwels "volharding tot die einde toe" genoem.

Volharding tot die einde toe bring rigting, vrede, en geluk in die lewe in. Jy sal die geluk voel soos wat jy probeer om meer soos Jesus Christus te word en deur ander mense rondom jou te help. Jy sal jou verwantskap met jou Hemelse Vader beter verstaan en Sy perfekte liefde vir jou voel. Jy sal hoop en 'n gevoel van doel in jou lewe voel in 'n wêreld wat dikwels ongelukkig en vol verdriet is.

*Die evangelie van Jesus Christus is 'n wyse van lewe. "Daarom, julle moet vorentoe beur met 'n stanvastigheid in Christus, met 'n volmaakte helderheid van hoop, en 'n liefde van God en van alle mense. Daarom, as julle vorentoe sal beur, [veesvierend] op die woord van Christus, en volhard tot die einde, kyk, so sê die Vader: Julle sal die ewige lewe hê."*

**2 Nefi 31:20**



# HOE KAN EK WEET?

Die evangelie van Jesus Christus is deur openbaring vanaf God aan die Profeet Joseph Smith en ander profete herstel.

Jy kan vir jouself uitvind of hierdie dinge waar is deur jou Hemelse Vader in gebed te nader. Hy sal jou deur die Heilige Gees beantwoord, wat ook as die Gees van God bekend staan. Die Heilige Gees getuig van Hemelse Vader en Jesus Christus. Die Heilige Gees beaam waarheid deur gevoelens, gedagtes, en indrukke. Die gevoelens wat vanaf die Heilige Gees kom is kragtig, maar hulle is gewoonlik sag en stil. Soos wat ons in die Bybel leer, "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, [en] selfbeheersing" (Galatians 5:22–23).

*Hoe Bid Ek?*

- *Spreek jou Hemelse Vader aan.*
- *Belei die gevoelens van jou hart (dankbaarheid, vrae, versoeke om te weet of die Boek van Mormon en die leeringe van die sendelinge waar is).*
- *Sluit af ("In die naam van Jesus Christus, amen").*

Hierdie gevoelens is 'n beaming vanaf die Heilige Gees dat hierdie boodskap waar is. Jy sal dan moet kies of jy jou lewe sal lei in harmonie met die evangelie van Jesus Christus soos wat dit deur Joseph Smith herstel was.

***Jy kan die waarheid weet deur opregte gebed.***

# LYS VAN TERME

**Versoening** Die gebeurtenis wat ons in staat stel om versoen te word met God. Om te versoen is om die boete vir sonde te betaal, en daardeur die gevolge van sonde uit die lewe van bekerende sondaars te verwyder. Jesus Christus was die enigste een wat bekwaam was om 'n perfekte Versoening te maak vir die hele mensdom. Sy versoening is insluitend van Sy lyding vir ons sondes, die stort van Sy bloed, en Sy dood en Opstanding. As gevolg van die Versoening sal almal wat gelewe het deel hê aan die opstanding. Die Versoening voorsien ons van 'n weg om vergifnis van ons sondes te onvang en om verewig saam met God te lewe.

**Die Doop** 'n Noodsaaklike stap om vergifnis van ons sondes te verkry. Deur die doop en bevestiging deur priesterskap magtiging, word ons lede van Die Kerk van Jesus Christus van Die Heiliges van Die Laaste Dae. Die doop is deur onderdompeling, en beteken dat die persoon wat gedoop word kortliks onder die water gedompel word. Die doop toon ons gewilligheid om Christus se voorbeeld te volg en om verbonde met God te sluit.

**Bevestiging** Die manier waarop 'n persoon die Heilige Gees ontvang. In hierdie ordinansie, wat gewoonlik in 'n nagmaal diens kort na die doop plaasvind, word die persoon bevestig, of 'n lid van die kerk van Jesus Christus van Die Heiliges van Die Laaste Dae, gemaak.

**Verbond** 'n Ooreenkoms tussen God en Sy kinders. God stel die voorwaardes van die verbond, en ons stem in om Hom te gehoorsaam. God belowe sekere seëninge in ruil vir ons gehoorsaamheid.

**Genade** Goddelike hulp en krag wat deur die genade en liefde van Jesus Christus aan ons geskenk word. Deur Sy genade, wat deur die Versoening moontlik gemaak word, sal die hele mensdom deel hê in die opstanding. Deur Sy genade, sal hulle wat aanhoudend bekeer en volgens Sy evangelie lewe 'n blywende nabyheid voel teenoor hulle Hemelse Vader in hierdie lewe en in Sy teenwoordigheid lewe in die hiernamaals.

**Ordinansie** 'n Heilige, formele aksie wat deur die magtiging van die priesterskap verrig word. Voorbeelde sluit in die doop, ontvangs van die Heilige Gees, en die nagmaal. Ordinansies is dikwels 'n weg tot die sluiting van verbonde met God.

**Nagmaal** 'n Ordinansie wat die Kerk aan die Versoening van Jesus Christus herhinner. Deur die nagmaal te neem, hernu ons die verbonde wat ons tydens die doop gemaak het. Brood en water word geseën en aan die gemeente gegee. Die brood verteenwoordig die liggaam van Jesus Christus, en die water verteenwoordig Sy bloed. Hierdie ordinansie vind weekliks plaas tydens 'n diens wat as die nagmaal diens bekend staan.

**Verlossing** Bevryding van sonde en die dood. Verlossing word moontlik gemaak deur die Versoening van Jesus Christus. Deur die opstanding van Jesus Christus, is dit moontlik vir almal om die uitwerking van die dood te oorkom. Ons kan ook gered word van die gevolge van sonde, deur geloof in Jesus Christus. Hierdie geloof word geopenbaar in 'n lewe van bekering en gehoorsaamheid aan die wette en verordeninge van die evangelie en diens aan Christus.

# ADDISIONELE STUDIE

Die volgende vrae en skrifture sal jou help om meer te leer aangaande die beginsels in hierdie pamflet en om hulle te bepeins. Die lys is nie omvattend nie; die voetnotas en verwysings in die skrifture sal jou na addisionele skriflesings en ander bronne verwys.

**Wat is die Evangelie van Jesus Christus?**

3 Nefi 27:13–22 (Boek van Mormon, bladsye 459–60)

**Wat beteken dit om geloof te hê? Hoe kan geloof jou krag gee?**

Hebreërs 11:1, 6 (Bybel, Nuwe Testament)

Alma 32:21, 26–28 (Boek van Mormon, bladsye 289–90)

Et-her 12:6 (Boek van Mormon, bladsy 509)

**Wat beteken dit om te bekeer? Hoekom moet almal bekeer?**

Lukas 15:3–10 (Bybel, Nuwe Testament)

Handelinge 3:19 (Bybel, Nuwe Testament)

Alma 12:33–34 (Boek van Mormon, bladsy 240)

**Hoekom moet almal gedoop word?**

Handelinge 2:38 (Bybel, Nuwe Testament)

2 Nefi 31–32 (Boek van Mormon, bladsye 112–16)

**Wat is die Heilige Gees? Hoe kan die Heilige Gees jou lewe seën?**

2 Nefi 32:5 (Boek van Mormon, bladsy 115)

3 Nefi 27:20 (Boek van Mormon, bladsy 459)

**Wat is die doel van die nagmaal?**

3 Nefi 18:1–12 (Boek van Mormon, bladsy 442)

Moroni 4–5( Boek van Mormon, bladsye 519–20)

**Wat beteken dit om te volhard tot die einde toe?**

2 Nefi 31:15–20 (Boek van Mormon, bladsy 114)

3 Nefi 15:9 (Boek van Mormon, bladsy 437)

# AANBID SAAM MET ONS

## KOM SIEN HOE DIE GERESTOUREERDE EVANGELIE JOU LEWE KAN SEËN



Nagmaal diens is die hoof aanbiddings diens. Dit duur gewoonlik net langer as ‘n uur en bestaan tipies uit die volgende:

*Gesange:* Wat deur die gemeente gesing word. (Gesange boeke word voorsien.)

*Gebede:* Wat deur plaaslike Kerk lede gelewer word.

*Die nagmaal:* Brood en water word geseën en uitgedeel aan die gemeente in herhinnering aan die Versoening van Jesus Christus.

*Sprekers:* Gewoonlik praat een of twee lede van die gemeente oor vooraf bepaalde evangeliese onderwerpe.

*Kleredrag:* Mans en seuns dra gewoonlik pakke of ‘n uitgaan broek met ‘n hemp en ‘n das. Vroue en meisies dra rokke of rompe.

Daar word nie vir donasies gevra tydens die aanbiddings dienste nie.

Ons nooi jou [julle] ook uit om addisionele dienste by te woon, na gelang van jou [julle] belangstelling en ouderdoms groep. Die orde en beskikbaarheid van hierdie dienste mag verskil.

*Sondagskool:* Klasse waartydens die skrifture en onderrig van die evangelie betudeer word.

*Priesterskap diens:* Klasse vir mans en seuns vanaf 12 jaar en ouer.

*Vroue Vereeniging:* Klasse vir vroue 18 jaar en ouer.

*Jong Vroue:* Klasse vir meisies 12 tot 18 jaar oud.


*Primêr:* Groep diens en klasse vir kinders 3 tot 11 jaar oud. 'n Kinderkamer vir kinders 18 maande tot 3jaar oud is gewoonlik beskikbaar.



Nagmaal diens tyd:____________________________________

Kapel addres:________________________________________

____________________________________________________




# Wat Moet Ek Doen?

- *Lees die Boek van Mormon*

  *Voorgestelde leeswerk:*____________________

- *Bid om te weet dat Jesus Christus jou Verlosser is.*
- *Kom tot inkeer en bid om vergifnes vir jou sondes te ontvang. Strewe om volgens die gebooie van God te lewe.*
- *Woon kerk dienste by.*
- *Berei voor om gedoop te word op* ____________________
- *Besoek www.mormon.org om meer aangaande die gerestoureerde evangelie van Jesus Christus te leer.*
- *Hou aan om gereeld met die sendelinge te vergader sodat jy meer aangaande die waarhede kan leer wat God deur hedendaagse profete gerestoureer het.*

  *Volgende afspraak:*____________________

  *Sendelinge se name en telefoon nommer:*

DIE KERK VAN
JESUS CHRISTUS
VAN DIE HEILIGES VAN DIE
LAASTE DAE

**www.mormon.org**

**Erkenning vir Beeld-materiaal**
Voorblad: Detail van *Lewende Water,* deur Simon Dewey. © Simon Dewey. Moet nie afskrifte maak nie
Bladsy 2: Detail van *Die Bergpredikasie,* deur Carl Heinrich Bloch. Gebruik met die magtiging van die Nasionale Historiese Museum te Frederiksborg in Hillerød, Denemarke
Bladsy 5: *Christus Wek Jaïrus se Dogter uit die Dood Op,* deur Greg K. Olsen. © Greg K. Olsen
Bladsy 6: *Die Welwillende Geneesheer,* deur Greg K. Olsen. © Conceptions Unlimited Investments, Inc. Moet nie afskrifte maak nie
Bladsy 9: *Johannes die Doper Doop Jesus,*Deur Greg K. Olsen. © Greg K. Olsen. Moet nie afskrifte maak nie

© 2005 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA.
English approval: 1/06 Vertaling goedkeuring: 1/06 Vertaling van *Die Evangelie van Jesus Christus.*
Afrikaans. 01198 501

AFRIKAANS
4 02011 98501 5
01198 501